Villa Cortona

RETIREMENT VILLAGE

Gedragsreëls

Gedragsreëls

1. GEBRUIK VAN PERSEEL

1.1 Geen eienaar sal sy eiendom mag gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir professionele of sake doeleindes nie, tensy spesifieke goedkeuring daarvoor verkry is van die Uitvoerende Komitee op voorwaarde dat dit ook voldoen aan die plaaslike owerheid se vereistes.

1.2 Die eienaar sal te alle tye verantwoodelik wees vir die optredes van enige bediendes en alle sodanige bediendes moet as sulks registreer by die uitvoerende Komitee alvorens hul toegang tot die skema sal verkry.

2. VULLIS VERWYDERING

'n Inwoner sal:

2.1 'n vullishouer, soos voorsien deur die plaaslike owerheid, in 'n higiëniese en droë toestand hou op sy perseel, vir die plasing van vullis uit sy erf;

2.2 seker maak, dat voordat vullis in die houer geplaas word, dit stewig in 'n plastieksak toegedraai is sodat dit hanteer kan word deur die vereniging se werknemer;

2.3 vir die doel van vullisverwydering, die houer plaas binne die area en tyd soos bepaal deur die Komitee sodat die werknemer die plastieksakke kan verwyder na die munisipale vullis gebied;

2.4 enige vullis of afval strooi of dit toelaat binne die gebied van die privaat nie, en;

2.5 die vullishouers buite sig hou in die droogarea.

3. MOTORVOERTIUE

3.1 Die spoedbeperking op die privaat pad is 20 km p/u.

3.2 Voertuie moet binne die spoedgrens bestuur word en bestuurders moet ag gee op die regte van ander en in die besonder waaksaam wees vir kinders.

3.3 Geen parkering sal toegelaat word op plekke wat nie as sodanig aangedui is nie, en geen inwoners sal toegelaat word om karavane en sleepwaens permanent te parkeer nie.

3.4 Geen inwoner sal toegelaat word om sy motor te diens of enige meganiese werk daaraan te verrig in enige area wat sigbaar is vanaf die straat of algemene areas nie, tensy dit onderneem word aan die binnekant van sy motorhuis.

4. GERAAS

4.1 Geen inwoner sal toegelaat word om enige radio, televisie, band of ander spele, klankversterkers of musiekinstrumente te speel op so 'n wyse dat dit 'n oorlas of irritasie vir ander inwoners is nie.

4.2 Die gebruik van grassnyers, kragtoerusting of ander gereedskap wat moontlik inbreuk kan maak op die rustigheid van die buurt moet beperk word tot tye 09h00 tot 18h00 op alle dae behalwe op Sondae, wanneer geen sodanige aktiwiteite toegelaat word nie. Die Komitee sal die reg hê om te bepaal of geraas waaroor daar gekla word, oormatig is en of die voortgesette gebruike van die instrumente beperk moet word al dan nie.

5. WASGOEDLYNE

Geen wasgoed mag opgehang word op so 'n wyse of plek dat dit sigbaar sal wees vanaf die straat of algemene areas nie.

VERKOOP VAN EIENDOM

5.1 Die verpligting rus op elke eienaar om die koper van sy eiendom te voorsien van 'n afskrif van hierdie reëls ten tye van die verkoping. Die Komitee sal aanvaar dat nuwe eienaars in besit is van 'n afskrif van die reëls en dit ten volle verstaan.

5.2 Indien 'n eienaar van voorneme is om sy eiendom te verkoop sal die eiendomsagent betrokke slegs toegelaat word om "te koop" tekens aan te bring op sodange plekke en wyse in die gebiede wat die uitvoerende Komitee daarvoor bepaal.

5.3 Geen eiendom mag deur enige persoon behalwe die geregistreerde eienaar en sy gesin bewoon word nie tensy sodanige ander persoon 'n afskrif van die gedragreëls onderteken het as bewys van sy of haar aanvaarding van die feit dat dit op hom of haar toepaslik sal wees.

7. TROETELDIERE

Die Eienaar of inwoner van elke eie titel woning sal slegs een hond of een kat (nie hoër nie as 40cm vanaf die grond tot op die bopunt van sy rug) mag aanhou in die oord maar mag nie vervang word nie. Streng gedragsreëls sal vir die eienaars van hierdie troeteldiere geld wat deur die raad van trustees daargestel en toegepas sal word.